

Dinsdag 9 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 4:13-22

Fokusgedeelte: Handeling 4:13, 19, 20

Die Heilige Gees maak ons openhartig en gehoorsaam

Ons kan in sekere omstandighede iemand maklik herken of uitken. Kyk byvoorbeeld na iemand se kleredrag op pad na 'n sportwedstryd of politieke optog, en ons kan sien watter span of party die persoon ondersteun.

Die apostels is ook tydens die vestiging van ons Here Jesus Christus se kerk uitgeken of herken. Hulle het die evangelie van Jesus Christus en die saligheid wat Hy skenk, verkondig. Hulle het as instrumente in die Here se hand die fundamente gelê. Wanneer hulle wonders verrig het, is die evangelie hand aan hand daarmee saam bedien.

Selfs in ongunstige omstandighede het hulle die evangelie bly verkondig. Hier is Petrus en Johannes voor die Raad gebring. Saam met hulle staan die man wat hulle genees het (vs 14). Dié man was al oor die 40 jaar oud, 'n groot wonder van redding wat die evangelie bring. Hier is dit voor die Raad 'n lewende getuie.

Die Raad het die apostels dadelik herken deur die evangelie wat hulle sonder vrees verkondig. Hulle is uitgeken as volgelinge, metgeselle van Jesus. Ons lees in vers 13 dat hulle veral uitgeken en herken is omdat hulle vrymoedig was. Hulle was openhartig, openlik, vol moed. Ons het gesien dat die apostels gedreig word (vs 17, 21), maar hulle bly vrymoedig! Hoe is dit moontlik? Hoe is dit selfs in my eie lewe moontlik? Ons word immers ook gedreig deur 'n klomp dinge. Hoe bly ek vrymoedig?

Die Heilige Gees bring die vrymoedigheid! Hy doen die werk in ons. En saam met die vrymoedigheid is daar nog 'n kenmerk waardeur ons as gelowiges herken, uitgeken word: *gehoorsaamheid*. In vers 19 kom ons agter dat die apostels ná al die dreigemente bely: "Ons sal gehoorsaam bly aan God." Die bloed van ons Here Jesus Christus en die wonder van sy redding is vir ons die belangrikste, dit het die hoogste waarde!

Daarom is dit vir ons onmoontlik om nie oor die Here te praat nie. Hy het vir ons die gehoorsaamheid en die vrymoedigheid reeds gegee. Die Heilige Gees werk in ons. Hy laat ons uitgeken word waar ons ook al beweeg, sodat God verheerlik word.

Sing: Skrifberyming 8-1 (14):1, 2

Ds. MH le Roux (Marco) (Newcastle)